**2 Mei**
**Skrifgedeelte: Openbaring 21:1-22:5**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:3-9 (NAV)**

**Die helfte is ons nog nie vertel nie!**

Die koningin van Skeba het gehoor van Salomo se wysheid en rykdom en aansien en die lang lewe wat God aan hom beloof het. Sy gaan besoek hom dus. Haar reaksie op haar besoek aan Salomo was (1 Kon 10:7): “Nou weet ek dat nie eers die helfte vir my vertel is nie!”

Dieselfde verwondering moet daar by ons wees as ons van die Nuwe Jerusalem praat. Hierdie stad wat met edelstene en goud gebou is, is die kerk van die Here. Die bedoeling is nie 'n letterlike stad met mure en geboue nie. Johannes skryf visioenêr van 'n simboliese stad. Sommige mense wil 'n letterlike, fisiese stad sien wat êrens tussen die hemel en die aarde sal wees, 'n stad met strate en huise en poorte en fondamente. Dit is nie die bedoeling nie.

Die stad dui op al die uitverkorenes wat bymekaar sal wees. Die twaalf stamme van Israel en die twaalf apostels dui op al die gelowiges van Adam en Eva af tot by die wederkoms. Met die vierkantigheid van die stad word aangedui dat die lewe by God volmaak sal wees. Die muur rondom die stad dui daarop dat alles daar volmaak sal wees. Daar sal geen trane, dood, leed, smart en pyn wees nie.

Die kosbaarheid van God se kinders word ook aangedui deur die goud waarmee die strate en die stad gebou is. Petrus skryf dus dat ons geloof baie kosbaarder is as goud. Ons geloof is om tot eer van God te lewe – God wat so almagtig is dat Hy self die lig sal wees vir ewig.

Deur God se genade leef ons in die allerheiligste van ons geloof. Ons moet lewende boustene wees, want God is besig om ons voor te berei om ten volle deel te wees van die Nuwe Jerusalem. Ons is die lewende boustene, die goud waarmee die stad gebou word.

*Sing: Skrifberyming 23b:1-5; 45:1-12 Ds GS Kruger (Centurion)*